


# Week 5

# VLOA-OPSOMMING

| | |
|---|---|
| Welstand | • Maats leer dat ons, net soos verskillende voëls, almal unieke kenmerke het en dus uniek is.<br>• Maats leer dat hulle (net soos Mollie teenoor die verlore voëltjie) behulpsaam moet wees.<br>• Ons doen groot motoriese ontwikkeling deur middel van ons kinetiese sessie.<br>• Fyn motoriese vaardighede word ontwikkel deur die knyp, druk, manipulasie, plak, verf, knip en vashou van onderskeie materiale. |
| Identiteit en samehorigheid | • Maats leer dat ons 'n verantwoordelikheid teenoor die natuur en voëltjies het.<br>• Maats leer dat hulle klein in verhouding met ander van God se skeppings (soos arende en volstruise is).<br>• Hulle leer dat ons as mense respek vir diere, in hierdie geval voëls, moet hê.<br>• Kleuters word die geleentheid gegun om hulself uit te druk tydens sirkelsessies, bybelstorie- en lesbesprekings.<br>• Selfstandigheid en verantwoordelikheid word bevorder deur die daaglikse roetine wat toegepas word en die uitdeel van werkies en verantwoordelikhede, soos om op te ruim, kunswerke volgens juffrou se instruksies te voltooi ens. |
| Kommunikasie | • Maats word die geleentheid gegun om sosiaal met ander maats te kommunikeer tydens klasbesprekings en groepspel.<br>• Kleuters "lees" saam met juffrou die illustrasies van die bybelstorie en tema. Tydens hierdie "leeservaring" word vorms, kleure ens. uitgewys en bespreek.<br>• 'n Gediggie en stories word geluister, gedramatiseer en bespreek.<br>• Maats kleur met waskryte in en "skryf" hulle name op hulle kunswerke.<br>• Juffrou vra deurlopend vir maats vragies wat hulle moet beantwoord.<br>• Bepaalde woorde word aan maats omskryf ten einde hulle woordeskat te verbeter. |
| Verken wiskunde | • Die nommer "sewe" word die week behandel. Maats moet tot by sewe tel.<br>• Maats leer van die seshoek (die vorm hierdie week).<br>• Maats tel eiertjies af en pas items by nommers.<br>• Maats leer van ornitologie. |
| Kreatiwiteit | • Uitdagings wat opgelos moet word, word deur middel van die week se storie en aktiwiteite aan maats gestel.<br>• Maats verf en oefen dus hoe om verfkleure apart te hou en kwaste skoon te hou.<br>• Maats leer hoe om 'n skêr, kryt en kwas vas te hou.<br>• Maats word die geleentheid gegun om vir juffrou te vertel van die kunswerke wat hulle geskep het.<br>• Maats dramatiseer 'n kort gedig en storie.<br>• Kreatiwiteit word ook deur kammaspel bevorder.<br>• Maats bou voëlnessies. |
| Kennis en begrip van die wêreld | • Maats leer van die onderskeie soorte troeteldiere en hul waarde.<br>• Vryspel bied aan maats die geleentheid om hul omgewing te ondersoek.<br>• Maats verken saam met juffrou tegnologiese hulpbronne.<br>• Kleuters voltooi skeppende manipulasie-take terwyl hulle voëltjies bou ens. |

# SIRKELSESSIE
*Van die week*

- Dag van die week
- Maand
- Verjaarsdae op hierdie dag
- Nuuswaardighede
- Seisoen
- Weer
- Nommer van die week: ***Sewe (7)***
- Vorm van die week: ***Seshoek***
- Kleur van die week: ***Pers***

***Maats moet daagliks die vorm met hul vingers in die lug vorm/skryf en moet tot by 7 tel terwyl hulle ritmies hulle voete stamp***

## Sirkelbespreking van die week



# Ontmoet vir:



# Petra-Pers

# PETRA-PERS *(Die Storie)*

Solank as wat Petra kan onthou, is pers haar gunsteling kleur. Nou is sy al 'n ouerige tannie en nog steeds is Petra mal oor alles wat pers is. Op die dorpie waar Petra gebly het, was daar twee ander Petras en om nie deurmekaar te raak nie, het die dorpsmense haar Petra-Pers gegin noem.

Petra-Pers is 'n interessante Gabbelgogga. Sy het ses ogies en 'n pers poniestertjie. Dan sal sy partykeer ook nog 'n pers serp om haar kop bind of lang pers oorbelle aansit wat swaai wanneer sy loop. Aan haar arms sal sy dan ook 'n hele klompie armbande in verskillende pers kleure aansit wat sal klingel as sy aangestap kom.

Sy kan haarself nie help as sy gaan inkopies doen nie; al wat sy raaksien is alles wat pers is. By die groentewinkel kan sy nie help om eiervrug en pluime te koop nie - dis dan so 'n pragtige donkerpers kleur. En by die juwelier moet sy altyd eers ingaan om vir haar nog 'n nuwe paar pers oorbelle te koop.

By die koffiewinkel bestel Petra vir haar bloubessie-kolwyntjies en drink sy bloubessie-tee. Dit het dan so 'n mooi blou-pers kleur. Die kinders in die dorpie hou baie van Petra-Pers en gaan groet haar graag, want dan steek sy haar hand in haar pers geblomde handsak en haal vir die kinders die lekkerste pers lekkergoed uit. Hulle wonder altyd waar sy al die pers suigstokkies en toffies kry.

**Vertoon hierdie week vir Petra-Pers in die klas**


Maats kan hierdie week vir Petra-Pers kossies soos beet, pluime en eiervrug bring. Maats kan ook vir haar hul eie pers oorbelle ontwerp en maak (gebruik elemente soos vere ens. wat nie te klein is en ingesluk kan word nie). Moedig maats verder aan om gepaste pers items vanuit die klas of van die huis af vir tannie Petra-Pers saam te bring.

**Probeer hierdie week om PERS verf, klei ens. in aktiwiteite te gebruik sodat maats geleenthede het om die kleur te identifiseer.**

**Vra deurgaans vir maats watter kleur die verf, klei ens. is.**




Mollie


Mollie


Mollie
7

# Bybel-illustrasies



**Visuele prosessering:** Moses se jas is ROOI en sy skoene is BLOU / Die biddende vrou kniel VOOR die kalf
Die Israeliete staan LANGS mekaar / Die tablette lê OP die grond / Die kalf is GOUDGEEL

# Bybelles

*Onrustige Israeliete*

# DAG 1-2

Eendag, terwyl die Israeliete deur die woestyn getrek het, was hulle moeg en het besluit om kamp op te slaan by die berg Sinai. Moses het gesê dat die mense hulle skoon moes aantrek, want God wou oor drie dae met hul praat. Op die derde dag was daar weerligstrale om die berg en die aarde het gebewe. Die mense het bang geword en gevra dat Moses alleen teen die berg moes uitklim om na God te gaan luister.

Bo-op die berg sê God toe vir Moses dat Hy wil hê dat die Israeliete aan Hom gehoorsaam moet wees en Sy spesiale volk moet word. God gee toe vir Moses ook spesiale reëls wat die Israeliete moes volg.

Terwyl Moses op die berg was, het die Israeliete onrustig geword en gesê: “Ons weet nie wat met Moses gebeur het nie. Kom ons maak nou ’n nuwe god wat ons uit hierdie land kan lei.” Aäron het hulle juweliersware gesmelt en ’n goue kalf gemaak wat hulle kon aanbid.

## Woordeskat-ontwikkeling

**Weerligstrale**

Met swaar weer blits weerligstrale uit die wolke

**Reëls**

Reëls sê vir ons wat ons mag en nie mag doen nie

## Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Wat het Moses op die berg gaan maak?
- Wat het die Israeliete gedoen terwyl Moses op die berg was?

## Lewensles

Ons mag net een God dien! Ons mag nie afgode maak en/of dien nie

# Bybelles

## Moses word kwaad

## DAG 3-4

Toe God sien dat die Israeliete vir hulle 'n afgod gemaak het, was Hy baie kwaad. Hy het vir Moses gesê om dadelik van die berg af te klim.

Toe Moses van die berg afkom sien hy hoe die mense sing, rondom die goue kalf dans en voor die kalf buig. Hy was so kwaad dat hy sommer die twee plat klippe waarop God se spesiale reëls geskryf was op die grond neergegooi het. Die spesiale klippe het toe sommer in baie stukkies gebreek.

Moses het toe die goue kalf gevat en dit gesmelt. Daarna het hy dit gemaal totdat dit 'n poeier was. Hy kon nie glo dat sy broer, Aäron, die mense se goue juweliersware gesmelt het en 'n goue kalf daarvan gemaak het vir die mense om te aanbid nie. Moses kon ook nie glo dat die mense so vinnig ongeduldig kon raak en kon vergeet dat God hulle nooit in die steek sou laat nie.

### Woordeskat-ontwikkeling

**Afgod**

'n God wat ons self maak of opmaak. Daar is net een god en dit is die God in die hemel.

**Buig**

As ons op ons kniegies staan en ons koppies buig

**Maal**

As ons iets fyn maak

### Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Wat het gebeur toe Moses sien die mense aanbid die goue kalf?
- Wat het hy met die goue kalf gedoen?
- Wie het vir die mense gehelp om die goue kalf te maak?
- Waarvan het hulle die goue kalf gemaak?

### Lewensles

Ons moet geduldig wag vir God se tyd!

## Die groot straf

## DAG 5

Wat die Israeliete gedoen het was 'n lelike ding. Moses was so kwaad dat hy vir die mans wat nie die goue kalf aanbid het nie, gesê het om hul swaarde te vat en al die mense wat die kalf aanbid het dood te maak. Dit was 'n groot straf vir 'n groot sonde!

Een van die wette wat God vir Moses op die berg gegee het, was dat die Israeliete (en ons) net vir Hom moet bid en dat ons nie vir ander beelde/gode mag bid nie. En sowaar, terwyl Moses op die berg met God was, was dit presies wat die Israeliete gedoen het.

**Straf**

As God vir ons leer om beter mense te wees straf hy ons soms om vir ons lesse te leer

### Lewensles

Sonde word gestraf!

# TAFELSTORIE VAN DIE WEEK

*(Hierdie week pak ons weer interessante goed uit 'n koelboks uit!)*

Dit is Vrydag en Mollie en sy maats het besluit hulle gaan vanmiddag iets spesiaals vir die voëltjies in die tuin doen. Hulle het die hele week by hulle skooltjie van voëls geleer en vandag gaan hulle die voëltjies met lekker kossies bederf. Wil julle ook kossies vir die voëltjies maak? *(Haal **toiletrolle, grondboontjiebotter, voëltjiesaad en twee panne** uit die koelboks. Skep groot hompe grondboontjiebotter in een pan uit en gooi dan voëlsaad in die ander pan uit. Gee nou vir elke maatjie 'n toiletrol. Laat hulle die toiletrol eers in die grondboontjiebotter en dan in die voëltjiesaad rol todat die rol eweredig met grondboontjiebotter en saadjies bedek is. Help maats nou om 'n gaatjie deur die toiletrol te druk en 'n toutjie deur die gaatjie te trek. Laat maats, net soos Mollie en sy maats, die koshappies vir die voëltjies in die bome te gaan hang. Maats kan nou in die daaropvolgende ure en dae kyk of hulle kan sien wanneer daar voëltjies aan die heerlike happies kom peusel. Watter voëls kan ons alles buite in die bome sien sit en/of aan die happies sien peusel? Kom ons omskryf hulle. [Hierdie week is daar nie 'n wetenskap-eksperiment nie want maats doen hier aktiewe voëlkyk en beoefen dus ornitologie.])*

Mollie hou die voëltjies die hele week dop. Hy sien hulle eet te lekker aan die lekker koshappies wat hy en sy maats vir hulle gemaak het. Terwyl hy hulle so dophou, sien hy ook dat hulle heeldag heen en weer vlieg na die veld toe. Wanneer hulle terugkom het hulle dan strooi en stokkies in hulle bekkies. Mamma sê hulle maak dit bymekaar om nessies mee te bou. Mollie dink dit moet sommer lekker wees om 'n nessie te bou. Net daar en dan besluit hy om sommer self 'n paar nessies vir die voëltjies te bou. Wil julle ook voëlnessies bou? *(Haal "boumateriaal" uit die koelboks - maak seker daar is **strooi, stokkies, geknipte raffia stringe en gom**. Laat maatjies dan nesse in groepe bou sodat daar aan die einde van die aktiwiteit so ongeveer vyf nessies is.)*

Die voëltjies is so bly oor hulle pragtige nessies! Die mamma voëltjies hou in die besonder baie van die nessies. Hulle lê sommer elkeen dadelik 'n paar eiertjies in hul nuwe nessies, maar nie al die mammas lê ewe veel eiers nie!

Tematafels moet **ERVAAR** word...




# TEMATAFEL *('n Koelboks)*

## TAFELSTORIE VAN DIE WEEK

*(Plaas nou **gekleurde nommers** voor elke nessie. Maats moet nou soveel eiers soos wat die onderskeie nommers aandui, in elke nessie plaas. **Pom-poms, sjokolade-eiertjies of polistireeneiertjies** kan gebruik word.)*

Sjoe, maar julle het nou baie hard gewerk! Juffrou dink dit is tyd vir 'n bietjie pret. *(Verdeel die klassie in pare. Elke paar staan so ongeveer tien meter regoor mekaar in twee rye. Gee vir elke maat in een ry 'n **eier** wat vooraf gekook is saam met 'n **toiletrol** waarop die eier gebalanseer moet word. Die maats moet dan so vinnig as moontlik na die oorkant na hul spanlede toe stap. Hulle moet dan die toiletrol met die gekookte eier aan hul spanmaats gee. Die spanmaats moet nou weer vinnig na die oorkant van die vertrek stap. Watter paar was eerste klaar en het gewen? Onthou as maats die eier laat val moet hul drie treetjies terug gee en dan eers weer begin vorentoe beweeg.)*



Tematafels moet **ERVAAR** word...



Voëls het vlerke


en helder sterte.


Hulle het skerp bekkies


en verige nekkies.

Hulle vlieg en tjirp en spring

en kan die heeldag sing.







# Tema

*(Gedig en storie)*

## Gediggie van die week

*Voëls (CD)*

***Die gedig leer vir maats oor die generiese karaktereienskappe van voëls.***

***Laat maats die gedig dramatiseer.***

***Maak maats atent op die voëlklankies in die gedig hoor.***



## Liedjie van die week *Die tjirp-tjirp boogy (CD)*

**Die lied gee vir maats verskeie voorbeelde van verskillende voëltjies en lig ook vir hulle sekere karaktereienskappe van bepaalde voëltjies uit.**

**Die liedjie is met dramatisering en ritmiese beweging in die oog geskryf. Laat maats dus lekker beweeg en dramatiseer. Hulle kan soos die voëltjies beweeg.**

## Storie van die week

*Mollie en die verlore voëltjie (CD)*

***Hierdie week tel Mollie 'n verlore voëltjie op. Hy besluit net daar en dan om die voëltjie te help om sy mamma te vind. Mollie besoek dan vir arend, eendjie en pappagaai onder andere. Die voëltjies vergelyk telkens die klein voëltjie se fisiese eienskappe met hulle eie om te bepaal of die voëltjie dalk een van hulle is. Arend kyk of die voëltjie skerp kloue het, eendjie kyk of die voëltjie kan vlieg en pappagaai kyk of sy vlerke gekleurd is. Maats leer in die proses telkens wat die mees kenmerkende eienskap(pe) van elke voëltjie is.***


***Luister elke dag 'n stukkie van die storie en vra vir maats na afloop daarvan wat hulle dink die volgende dag in die storie gaan gebeur (kritiese- en kreatiewe denke).***

***Vra vir maats of hulle kan onthou wat die vorige dag in die storie gebeur het voordat jy die storie die volgende dag verder speel (ouditiewe geheue).***

# TEMA-ILLUSTRASIES *(Visuele persepsie)*


## Dag 1 en 2





Ons kry voëltjies wat ons as troeteldiere in hokkies kan hou. Pappegaaie, kokketiele en budjies is voorbeelde.
Op plase kan boere voëltjies soos ganse, eende en hoenders aanhou.
Voëls wat ons in hokke of op plase aanhou is mak. Ons moet hulle voer en na hulle kyk.

## Dag 3 en 4





Jesus gee vir elke voëltjie iets wat die voëltjie spesiaal maak. Ons noem dit 'n "eienskap".
Party voëls kan nie vlieg nie, maar het elkeen 'n spesiale eienskap.
Tarentale se lywe is vol kolletjies. Volstruise kan vinning hardloop. Poue is mooi voëls met mooi sterte.

## Dag 5





Sommige voëls is roofvoëls. Dit beteken dat hulle diertjies vang om te eet. Hulle is karnivore.
Uile vang muise in die nag. Hulle slapies in die dag.
Arende vang visse en klein diere met hulle skerp kloue. Aasvoëls het ook skerp kloue en skerp bekke waarmee hulle jag.

# TEMA-LES

## *Huis- en plaasvoëls*

# DAG 1-2

Maatjies, weet julle dat daar baie verskillende soorte voëls in ons land is? Ons kry swaeltjies, mossies, vinkies, houtkappertjies, duiwe en nog baie meer. Hierdie voëls bly in die tuin in ons bome en sing elke dag vir ons die mooiste liedjies.

As ons baie van voëltjies hou kan ons van hulle as troeteldiere in hokkies aanhou. Ons kan voëltjies soos pappagaaie, kokketiele, dwerpapegaaie (*lovebirds)* en budjies as troeteldiere aanhou.

Jesus het elke voëltjie spesiaal gemaak. Hulle het elkeen iets wat hulle uniek (spesiaal) maak. Pappegaaie het pragtige gekleurde vere. Ons kry rooi, blou, groen, geel en selfs pers pappagaaie. Pappagaaie is nie net mooi nie maar hulle is ook baie slim. Ons kan hulle leer praat. Hulle kan dan woorde sê en geluide soos alarms namaak.

Kokketiele is nie so helder gekleurd soos pappegaaie nie, maar hulle het oulike kuifies. Hierdie kuifies wys vir ons hoe hulle voel. As hulle kuifies plat teen hulle koppe is, wys dit vir ons hulle is rustig en gelukkig. As hulle kuifies heetemal regop staan is hulle opgewonde. As hulle kuifies skuinsregop staan is hulle kwaad.

Dwergpappegaaie en budjies is weer kleiner voëltjies wat baie helder is en baie mak word. Hulle maak wonderlike troeteldiere wat so mak kan word dat hulle graag op hulle eienaars se skouers wil sit.

Dit is nie net in hokkies in die dorp wat ons voëltjies kan aanhou nie. Op plase kan ons ook voëls in groter hokke aanhou. Boere kan eende, ganse en hoenders op plase aanhou. Ons kan hierdie voëls nie elke dag optel en vashou nie, maar hulle is makker as wilde voëltjies soos vinkies en houtkappers. Van hulle gee ook vir ons bruikbare produkte (dit is goed wat ons kan gebruik). Julle sal mos onthou dat ons in ons plaasdiere-lessies geleer het dat ganse vir ons vere gee en dat hoenders vir ons eiers en hoendervleisies gee.

## Kinestetiese leer

Wys vir maats verskillende fotos van troetelvoëltjies en bespreek saam met hulle hoe die voëls van mekaar verskil. Wat is elke voëltjie se karaktereienskap/pe wat die voël uniek maak?

Laat maats nou elkeen vir jou sê watter eienskap hulle as maats uniek maak. Verduidelik dat Jesus ons net soos die voëls almal uniek gemaak het.

Ons het almal unieke eienskappe. Party van ons het baie mooi ogies, ander het weer mooi stemme waarmee hulle baie mooi kan sing ens.

## Woordeskat-ontwikkeling

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Voël | Mossie | Dui | Dwergpappagaai | Ganse |
| Vere | Vinkie | Pappegaai | Hoenders | Mak |
| Swaeltjie | Houtkappertjie | Kokketiel | Eend | Helder gekleurd |

# TEMA-LES

*Voëls wat nie kan vlieg nie*

# DAG 3-4

Gister het ons gesels oor so baie voëltjies wat in ons tuine bly, wat ons as troeteldiere kan aanhou of wat ons as plaasdiere op plase kan hou. Baie van hierdie voëls kan vlieg, maar het julle geweet dat alle voëltjies nie kan vlieg nie? Party voëls soos tarentale, volstruise en poue kan nie vreeslik hoog en ver vlieg nie. Maar, al kan hulle nie goed vlieg nie, het Jesus vir hulle elkeen iets spesiaals gegee wat hulle uniek maak.

Tarentale is voëls wat baie lief is vir loop en hardloop. Hulle kan klein entjies vlieg, maar hulle kan nie hoog vlieg nie en sal eerder loop of hardloop as om te vlieg. Hulle lyfies is grys en vol klein wit kolletjies en hulle koppies is blou en rooi en het geen vere op nie. Tarentale bly in groepe in die veld en eet graag insekte en wurmpies.

Ander voëls wat nie vlieg nie is volstruise. Hulle kan glad nie vlieg nie want hulle lyfies is baie groot en swaar, maar God het vir hulle lang bene gegee waarmee hulle baie vinning kan hardloop. Hulle kan tot 70 km per uur hardloop. Dit is net so vinnig soos pappa se kar!

Volstruise het nie net lang bene nie maar hulle het ook lang nekke en groot, plat bekke. Hulle gebruik hulle bekke om blare, sade en plantwortels te eet. Hulle bly in die warm, droë dele van die land soos in Oudshoorn en hulle word dikwels op volstruisplase aangehou. Dit is plase wat na die volstruise kyk en dan van hulle vere vat om verestoffers te maak. Hulle velle kan gebruik word om leer te maak. Dit is waarvan party mense se handsakke of beursies gemaak word.

Poue is nog voëls wat nie baie ver en hoog kan vlieg nie. Hulle het egter iets wat baie spesiaal is. Poue is baie mooi blou en groen voëls en die mannetjies het pragtige sterte wat soos 'n waaier kan oopwaai. Hulle maak hulle sterte oop en wys hulle mooi stertvere om vroutjies se aandag te trek. Poue is omnivore en eet goggatjies, bessies en sade. Hulle loop in die dag op die gras rond en slaap in die aand in bome.

## Kinestetiese leer

'n Vol,struismannetjie se lengte is tussen 2.1 en 2.8 m hoog.

Gebruik 'n bordkryt of lang lint om hierdie hoogte teen 'n muur aan te dui. Plak 'n volstruiskop heelbo op die lyn of lint. Laat sommige maats nou langs hierdie lyn of lint gaan staan. Laat hulle hul armpies bo hulle koppe uitstrek. Kan hulle bo by die volstruis se kop bykom? Nee. Dit is omdat ons baie kleiner of korter as volstruise is.

## Woordeskat-ontwikkeling

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Tarentale | Veld | Blare / Sade | Verestoffers | Stert / Stertvere |
| Volstruise | Insekte / Wurmpies | Plantwortels | Leer | Goggas |
| Poue | Bekke | Volstruisplaas | Handsak / Beursie | Bessies / Sade |

# TEMA-LES

## Roofvoëls

# DAG 5

Party voëls het skerp bekke en kloue. Hulle is baie wild en sterk. Hulle gebruik hulle skerp kloue en bekke om klein diertjies mee te vang. Ons noem sulke voëls roofvoëls. Uile, arende en aasvoëls is voorbeelde van sulke roofvoëls.

Uile is baie mooi voëls. Hulle lyfies kan grys, wit, bruin en swart wees. Hulle het groot ogies en klein, skerp bekkies. Hulle oë kan sommer baie goed en ver in die nag sien. Dit is wanneer hulle wakker is en jag. Hulle slapies in die dag. Wanneer hulle jag sit hulle hoog bo in bome en soek met hulle ogies op die grond vir prooi (klein diertjies) wat hulle kan vang. Hulle skiet dan uit die bome uit en gryp hulle prooi met hulle skerp kloutjies.

Arende jag weer in die dag. Hulle het baie groot vlerke en kan baie hoog vlieg. Hulle ogies is ook baie skerp en kan baie verder en beter as mense se oë sien. Arende sweef met hulle groot vlerke deur die lug en kyk dan watter diertjies of vissies hulle onder hulle op die grond of in riviere kan sien. Wanneer arende hulle prooi sien, skiet hulle dan vinnig af en gebruik hulle groot kloue om die vissie of klein diertjie te gryp en op te tel. Hulle kloue is spesiaal vir hierdie werkie gemaak.

Aasvoëls is ook roofvoëls. Hulle is nie so mooi soos party van die ander voëls nie. Hulle het lang, slap nekkies en koppe wat geen vere op het nie. Hulle het ook groot, skerp bekke en vaal vere. Dit beteken dat hulle nie kleurvol is nie. Hulle vang nie soos uile en arende lewendige, gesonde diertjies nie. Hulle eet diertjies wat klaar dood is of wat siek en swak is.

## Kritiese denke

Arende se vlerkspan kan tot 2.5 meter wees. Dit is meer as maats se lengte.

Knip 2 arendsvlerke uit bruinpapier (elk ongeveer 1.25 meter lank). Laat 'n maat teen 'n muur staan en plak die vlerke nou agter sy/haar ruggie teen die muur. Nou kan maats sien hoe groot arendsvlerke is. Maats kan beurte maak om tussen die vlerkies te staan.

## Woordeskat-ontwikkeling

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Roofvoëls | Aasvoël | Prooi | Gryp | Siek |
| Uil | Kloue | Vlerke | Vis | Swak |
| Arend | Jag | Sweef | Klein diertjies | Dood |

Roofvoëls is nie mak nie!




## Knip, skeur, plak en manipuleer

Laat maats die onderstaande voëltjies uitknip. Geen dan vir elke maat ' ROOI, PIENK, ORANJE en GEEL gekleurde papier. Maats kan net ongeveer 'n kwart A4 bladsy van elke kleur kry. Laat maats die gekleurde papier dan self in repe skeur (in die breedte, nie in die lengte nie). Geen dan vir hulle 'n skoon A4 papier. Maats moet nou die repe afwisselend oor die breedte van die skoon A4 plak. Hulle moet aan die onderkant van die bladsy begin en na die bokant van die bladsy werk. Ons maak 'n sonsondergang. Sodra die bladsy vol gekleurde repe geplak is, kan maats hul voëltjie in die middel van die bladsy plak. Geen dan vir maats 'n stukkie tou of koperdraad om onder hul voëls se magies te plak. Die voëltjie sit nou op die draad en geniet die sonsondergang.



## Verf, afdruk, knip, plak en knyp

Gee vir elke maat 'n papierbord. Laat maats die papierbord verf. Dit gaan hul voëltjies se lyfies word. Laat hulle dan hul hande in verf druk en albei hande een na die ander op 'n skoon A4 afdruk. Die twee handjies gaan hulle voëltjies se vlerke word. Laat maats hul afgedrukte handjies volgende uitknip en aan weerskante van die papierbord plak. Laat hulle dan die onderstaande ogies en bekkie uitknip en in die middel van die papierbord plak. (Die bekkie word op die middelyn gevou.) Twee wasgoedpennetjies word dan aan die onderkant van die bordjie vasgeknip as beentjies.




# KUNSWERK
*Aktiwiteit 3*

## Teken en inkleur

Laat maats hul eie eendjie op die dam teken.

## Plak, pas en manipuleer


Laat maats gebreekte eierdoppe op die onderstaande eier plak. Hulle moet die eierdoppies pas en rondskuif sodat die eier met eierdoppies "oorgetrek" is wanneer hulle klaar is.



# KUNSWERK
*Aktiwiteit 5*


## Knip en pak

Laat maats die seshoeke uitknip. Laat hulle nou die seshoeke van die ligste na die donkerste skakerings van pers pak.



## Manipuleer en druk

Laat maats die onderstaande seshoeke in die byekorf uit klei vorm en op die seshoeke pak. Ons bou dus 'n klei byekorf vir die bytjies. Laat maats nou vir jou tel hoeveel bytjies daar is. (Daar is sewe.)



## Benodighede

| | | | |
|---|---|---|---|
| Pilatesbal | Wipmat | Kegels | Teddiebeer/speelding |
| Hoepels | Tou | Tennisballe | Balansbalk/hekkies |
| Boontjiesakkies | Vorms | Balle | Springtou |

### Opwarming

- Laat maats stersspronge doen.
- Laat maats vrylik rondhardloop en dan telkens “vries” as jy so sê.
- Laat hulle nou aan hul tone raak en agt keer met hulle arms in die lug opspring.

### Balans

- Laat maats op hul magies oor hulle ’n pilatusbal lê. Plaas ’n hoepel ’n entjie voor die pilatusbal. Laat maats nou op die pilatusbal vorentoe rol en ’n boontjiesakkie in die hoepel gooi.
- Laat maats volgende op ’n wipmat op en af spring terwyl hulle ’n bal vang wat juffrou gooi.
- Laat maats vir tien sekondes op een been staan. Laat hulle nou bene ruil en die oefening herhaal.
- Laat maats laastens vir tien sekondes op hul tone staan terwyl hul arms bo hul koppe uitgestrek is.

### Lateraliteit

- Laat maats stersspronge op ’n wipmat doen. Hulle moet dus hul arms en bene gelyktydig oopmaak terwyl hulle in die lug spring.
- Laat maats nou “zig-zag” met beide hul voete oor ’n tou spring wat op die grond neergelê is.
- Laat maats volgende “hop scotch” op vorms wat in ’n ry op die grond uitgepak is speel.
- Laat maats nou eenbeensspronge doen. Hulle moet eers met hul linker- en dan met hul regterbene spring. LET OP: Maats mag nog sukkel. Laat hulle vervolgens drie tot vyf spronge op ’n slag doen.
- Pak laastens ses hoepels langs mekaar op die grond uit. Maats moet nou met beide hul voete gelyktydig in en uit die hoepels spring.

### Koördinasie


- Laat maats weer op die wipmat staan. Plaas nou kegels, elk met ’n tennisbal op, in ’n sirkel rondom die wipmat. Maats moet nou die tennisballe op die kegels telkens met ’n ander tennisbal afgooi.
- Plaas volgende ’n paar kegels ongeveer een meter ver van maats af in ’n ry uit. Maats moet dan groot balle na die kegels rol terwyl hulle op hulle knieë sit. Balle mag nie hop nie.
- Laat maats laastens op hul knieë sit terwyl hulle die kegels met balle omrol.


## Reaksietyd

Laat maats hulle hande uitgestrek voor hulle hou. Juffrou moet nou ’n sagte speelding gebruik en probeer om maats se hande raak te slaan. Maats moet dan hul handjies wegruk sodat juffrou nie hulle handjies raakslaan nie. LET OP: Gebruik sagte en vinnige begewings sodat maats nie moet seerkry nie.

## Ruimtelike oriëntering

Pak ’n rondtebaan uit en plaas:







- drie stoele,
- ’n mat,
- ’n balanseerbalk,
- ’n hoepel,
- ’n ruimtetonnel,
- vorms in “hop scotch” formaat,
- nog vier hoepels,
- ’n tou, en
- lae hekkies in volgorde in ’n groot sirkel uit.


Laat maats nou:

- **om** die stoele hardloop en **op en af** van die stoele af klim,
- bollemakiese **oor** die mat rol,
- **oor** die balanseerbalk loop,
- ’n bal **deur** ’n hoepel gooi wat vir hulle in die lug gehou word,
- **deur** die ruimtetonnel kruip,
- alternatiewelik met twee bene en dan weer met een been **op** die vorms “hop scotch”spring,
- paddasspronge **in** die hoepels doen,
- met boontjiesakkies op hul kop **oor** die balanseerbalk loop, en
- met albei voete gesamentlik **oor** die klein hekkies spring.

## Afwarming

Strekke




Maats moet beweeg!